Beeldhouer van Pretoria oorlede

'N BEKENDE beeldhouer en hoof van die Technikon Pretoria se departement beeldende kunste is in die naweek dood kort nadat vasgestel is hy het aan kanker gely.

Mnr. Koos den Houting (53) van Waverley, Pretoria, was sedert sowat ses weke gelede siek. Hy was die afgelope 28 jaar aan die technikon se kunsskool verbonde.

Mnr. Den Houting is onder meer 'n paar jaar gelede saam met 'n ander kunstenaar aangewys as die departement beeldende kunste van die Universiteit van Pretoria se Beeldhouer van die Jaar. Hy was veral bekend vir sy beeldhouwerk uit hout.

Hy word oorleef deur sy vrou, Annie en drie kinders. Hy word vanmiddag om 14:00 vanuit die NG kerk in Cunninghamlaan, Waverley, begrawe.

Downloaded from:

http://152.111.1.88/argief/berigte/beeld/1992/09/2/6/22.html

Return to:

http://www.art-archives-southafrica.ch/denHOUTING.htm